So 'n jaar of drie gelede maak Deon Opperman mos opslae by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees met 'n Afrikaanse toneelstuk genaamd *Whore*. Sommer so uit die gesamentlike Calvinistiese keel van die stoere Afrikanervolk kon mens hoor hoe hulle in een stem sug: "Daar is die volk nou in sy maai!"

In die middel van die warboel, heeltemal te klein en fyn om ooit te lyk of sy so 'n herrie kan verdra, wat nog te sê *veroorsaak*, sit 'n borrelende en laggende Gigi. Sy's 'n opgeleide aktrise, besigheidsvrou van formaat en sommer per toeval ook eksotiese danser – met onder andere die titel van Suid Afrikaanse "Penthouse Pet of the Year" agter haar naam.

Drie jaar na die herrie sit ons en gesels in die knus kroegie van die Lollipop Lounge, 'n baie smaakvolle tafeldansklub in Randburg. Nadat ek my asem teruggekry het, en weer min of meer beheer oor my stem herwin het (sulke dinge gebeur mos maar as 'n man deur 'n vertrek stap waar elke meisie soos 'n godin lyk en na jou kyk asof jy die laaste oorlewende man op die aarde is).

My eerste vraag is natuurlik: "Hoekom dit? Met 'n graad in drama agter jou naam en 'n besigheidskop wat vir niks skrik nie, hoekom eksotiese dans en 'n besigheid wat daarop fokus?" Gigi trek net haar swart amper-rokkie se bandjie oor haar skouer en dink nie eers 'n oomblik na nie. "Omdat ek trots is daarop om 'n vrou te wees. Omdat ek glo dat alle vroue hulleself die reg moet toe-eien om trots te wees op wie hulle is en wat hulle is. En daarmee bedoel ek nie almal moet skielik eksotiese dansers word nie, maar almal moet weet dat hulle as vrouens en mense hulle plek kan volstaan in die wêreld waarin ons lewe: fisies, emosioneel en intellektueel."

> "Mans is jagters, dis geneties in hulle ingebore, en ons bied 'n veilige fantasiewêreld waar hierdie jaginstink uitgeleef kan word sonder skuldgevoel of emosionele verbintenis."



"Direk na die herrie rondom *Whore* het die eksotiese dansgemeenskap jou op die hande gedra, selfs briewe in die koerante geplaas deur meisies wat vroeër veel eerder sou sê dat hulle sekretaresses is as om te erken dat hulle eintlik 'n lewe maak uit dans met min tot niks klere aan nie. Wat het jy gedoen om dit te veroorsaak?" wil ek weet. Vir 'n oomblik lyk dit of Gigi nie 'n idee het waarvan ek praat nie, maar dan kom die antwoord gemaklik. "Dit wat ek met *Whore* gedoen het: ek het respek aan 'n bedryf gegee waar mense nog altyd gesien is as sletterig omdat hulle dit doen. Dis 'n nuwe perspektief en 'n nuwe bewustheid dat die wêreld wat ons, as eksotiese danseresse skep, die fantasie van begeertes is. Mans is jagters, dis geneties in hulle ingebore, en ons bied 'n veilige fantasiewêreld waar hierdie jaginstink uitgeleef kan word sonder skuldgevoel of emosionele verbintenis."

Fantasie is dit gewis! Sommer so tussen ons geselsie deur kom 'n meisie of twee om vinnig 'n probleem te bespreek, of om 'n drankie by die kroeg te kom haal. Ek vind myself tussen die duiwel en die diep blou see, want met Gigi móét ek gesels, maar soos 'n man se oë kan dwaal in 'n plek soos dié raak gesels by tye erg moeilik. En die sitplek al warmer. Oeps. Ek ruk myself summier terug na die werklikheid toe en probeer om minder opsigtelik in my stoeltjie rond te skuif en my aandag te bepaal by Gigi wat elke oomblik van ongemak ten volle geniet.

"Met 'n streeksrade kontrak en 'n loopbaan as aktrise wat voor jou gelê het, hoe't jy hier beland?" Vir 'n oomblik dink sy terug. "Ek het al van dramaskool af myself in die posisie bevind dat ek al die 'sexy'-rolle moes speel. Jy ken dit mos – die slavin met die min klere aan, of die danseres met die lyf, en op een van die toere wat ons gedoen het, het die eienaar van die *venue* in Namibië gedreig om die vertoning te kanselleer omdat sexy vir hom beteken het *topless*". Almal het vir my gesê: 'Jy is die een met die *boobs*, en dit was die eerste keer in my lewe wat ek *topless* voor 'n gehoor was. Dit het beteken die *show* gaan aan, en ek het agtergekom dat ek die vryheid van my liggaam geniet het. Terug in Suid Afrika het ek al meer en meer geleentheid gekry om eksotiese dans te doen, en die res, soos hulle sê, is geskiedenis."

'n Man kry heel moontlik net een keer in sy lewe die geleentheid om hierdie vraag te stel en 'n eerlike antwoord te kry, en toe vra ek dit. "Jy, wat nou al jare se ervaring in die bedryf het, wat maak 'n man vir joú 'sexy'?"

